

13 Desember

**Skrifgedeelte: Filemon 1:5-12
Fokusgedeelte: Filemon 1:7, 12**

“Ware liefde vergewe altyd en bring verlossingsvreugde”

Is jy lief vir God? ... Waarom vergewe jy dan nie jou naaste nie? Dit mag wees omdat jy geen verlossingsvreugde in Jesus Christus beleef nie!

Filemon was 'n ryk man, maar slaaf van die sonde. Deur die bediening van die verlossing deur die liefdesbloed van Jesus, met Paulus as instrument, het God sy knegskap verander. Hy is met “bloed” losgekoop van slawery en het kind van God geword. Ware liefde vir God het in sy hart ontspring. O, hy was lief vir die Here Jesus. Hy was ook so lief vir die gelowiges dat hy sy huis vir eredienste aan hulle beskikbaar gestel het ...

Verlossingsvreugde het sy hart deurspoel en hy het geoffer uit die rykdom van sy besittings en die liefde in sy hart. Hy het vertel wat God gedoen het aan sy lewe! Vry! Vergewe en nie meer verlore! Daardeur het hy die harte van die ander gelowiges verkwik.

Filemon het 'n slaaf gehad met die naam Onesimus. Daardie Onesimus het Filemon besteel en weggeloop, soos 'n sleg ding gedros! As weggeloopslaaf was Filemon geregtig om hom selfs met die dood te straf, want nou was hy nutteloos vir Filemon, onbruikbaar!

Onesimus beland in Rome waar hy Paulus ontmoet en deur die Heilige Gees weer gebore word. God slaan met die gekruisigde Jesus 'n liefdeshou in Onesimus se lewe. 'n Nuwe mens met 'n nuwe hart, steeds slaaf, maar 'n nuwe slaaf. Gelowige kind van God. So totaal was sy hartsverandering dat Paulus hom sy “kind” noem. O, hoeveel verlossingsvreugde moes Onesimus nie beleef het nie. Hy het dit uitgejubel: “Prys die Heer met blye galme, o my siel, daar is ryke stof!”

Onesimus, nou nuttig as gelowige, bly 'n tyd by Paulus en help hom om die evangelie van Jesus te verkondig. Maar Onesimus is Filemon se slaaf, daarom stuur Paulus hom terug na sy baas! Sal Filemon die slaaf wat hom besteel en gedros het, terugneem? Daarom skryf Paulus 'n brief met die liefde as pleitgrond, dat Filemon sy slaaf moet vergewe en terug ontvang. Ja, as slaaf, maar nou gelowige kind van God, met dieselfde status as Filemon!

Filemon se liefde vir God moet werk en sigbaar word! Jaag Onesimus nie weg nie! Vloek en skel hom nie! Krenk nie sy menswees nie, maar laat die liefde werk en ontvang hom terug as jou broer in Jesus Christus. Vergewe hom!

Ek en jy het Jesus se verlossingsliefde deur die geloof ontvang. Ons was slawe van Satan met die hel as eindbestemming, maar ons is verlos! Ons sonde is vergewe, nou is ons kinders van God. Het jy God lief? Ervaar jy verlossingsvreugde?

Daar is 'n Onesimus in jou lewe! Hy of sy, jou man, jou vrou, jou vriend, medegelowiges, het jou bedrieg, verneder, onteer. Met berou het hy jou om verskoning gevra, maar jy dra steeds die wrok in jou hart! Waarom kan of wil jy nie vergewe nie? Omdat jy Jesus se verlossingsliefde nie beleef nie! Jou hart is koud en kil. Jy beweer dat jy 'n gelowige is, weet jy, 'n gelowige het lief!

Daarom, vergewe jou “Onesimus” en sing saam met hom of haar “Prys die Heer met blye galme, o my siel, daar's ryke stof”.

Sing: Psalm 146:1 en 5

Ds J Marais (Emeritus)